Verstaan jy wat jy lees?
Handelinge 8: 26-40

Koninkrykstyd
Koninkrykstyd is ‘n tyd van groei en opdaag waar God se Gees reeds aan die werk is. Ek het hierdie week net weer gewonder watter verskil maak die opstanding in die manier hoe ek/ons leef? Is die wêreld van die leë graf wesenlik anders as die wêreld wat voor dit gekom het, of is Paasfees 'n bergtop-ervaring wat ons vul met vreugde, maar dan agterlaat om terug te keer na die "regte" lewe in die vallei?

Handelinge 8: Ek het nog altyd hierdie verhaal gelees as ‘n tipe eenrigting bekeringsverhaal, maar ek dink Filippus stap ook hier weg met ‘n getransformeerde hart. Ja, die Etiopiër se aanvaarding van die evangelie en Filippus se rol hierin is aangrypend... Maar ek glo ons mis die ware diepte van hierdie storie as ons vir Filippus bloot sien as ‘n evangelis. Wat hy leer by die Etiopiër vertel vir ons eintlik waaroor die lewe post-Paastyd gaan; dat die opstanding alles verander – en steeds verander.

Die naamlose reisiger
Die verhaal begin met “die engel van die Here” wat Filippus na 'n sekere "wildernispad" lei wat van Jerusalem af weggaan na Gasa. Daar, op die geografiese uithoeke van aarde, vind Filippus die Etiopiese hofdienaar, 'n man wat in baie opsigte ‘n grensgeval is.

Hy word vyf keer as eunug beskryf in die Grieks. Dit is jammer dat die woord in die meeste Afrikaanse tekste met “ontmande” in plaas van “eunug” vertaal word. “Ontmande” is nie die enigste betekenis nie. Eunug is ’n generiese woord. Dit kan ook na selibaat of impotensie of na “veilige bedoppassers vir die vroue van die koningshuis” verwys (Kyk bietjie na Jesus se verklarings van eunug in Matt 19:12).

Hy is 'n man wat genoeg belangstelling in Israel se God het om 'n pelgrimstog van Etiopië na Jerusalem te onderneem, maar volgens Hebreeuse wet is hy nie welkom om sy geloof in die Tempel te beoefen nie (Deut 23:1). In Filippus se oë is hy 'n vreemdeling van Afrika: 'n welgestelde man van groot aansien, 'n koninklike amptenaar in beheer sy koningin se skatkis, maar ook 'n magtelose buitestaander — 'n *queer* man wat nie inpas by die sosiale en seksuele paradigmas van sy tyd nie. Iewers het hy ’n Jesaja-boekrol bekom, waarskynlik ten duurste in Egipte. Hy was geletterd genoeg om dit te lees, maar hy het nie verstaan wat hy lees nie.

Klaarblyklik het hy nie in Jerusalem gevind wat hy gesoek het nie, en teleurgesteld die lang pad terug huis toe aangepak. Dit laat my wonder: Watter tipe persoon soek opreg na ‘n God wie se wette jou verhoed om met jou liggaam in sy tempel te aanbid?

Verstaan jy wat jy lees?
Filippus sien dat die Etiopiër besig is om Jesaja se beskrywing van die lydende lam te lees. Ek dink nie dit is toevallig nie... Die Woord vind ons altyd net waar ons is. Dit resoneer met die diepste vrae in ons lewens. Dalk praat hierdie storie so diep met hom omdat dit iets beskryf van die kompleksiteit van sy ervarings – sy tussenin lewe, sy honger na tuiskoms, na God. Die manier hoe Filippus hom ‘evangeliseer’ is besonders: soos God ontmoet hy hom net waar hy is, en met die sagte leiding van die Gees, help hy hom om te kan sien hoe sy storie van soeke, sukses en verwerping, vierkantig pas in die storie van Jesus. Maar die vraag word ook aan Filippus gevra: “Verstaan jy, Filippus, wat jy ‘lees’ – weet jy regtig wie Ek is?”

“Wat keer dat ek gedoop word?”
Dink bietjie vir ‘n oomblik na oor die vraag wat hy vir Filippus vra na hierdie oomblik: “Kyk, hier is water – hier in die woestyn! Wat keer dat ek gedoop word?” Ek dink dit was ietwat van ‘n dilemma vir Filippus...en ‘n mespunt oomblik vir die kerk van Jesus. Wat keer dat ek mag behoort aan die familie van God? Wat keer my om volledig te mag deelneem aan die opstandingslewe, om ook in aanbiddingsplekke te mag kom staan? Wat keer my om nie langer op armlengte vanaf God en sy kinders te leef nie? En wat volg op sy vraag? Net stilte... hoe betekenisvol.

Stilte is die enigste gepaste reaksie, want die antwoord op die vraag *ís* stilte. Die antwoord is niks. NIKS keer jou nie. In die post-opstandingswereld waar die Gees van God beweeg waar en hoe sy wil, is daar niks wat keer dat ‘n beelddraer van GOD die volheid van sy redding kan ontvang nie.

Dis nogal iets dat dit die Eunug is wat beveel dat die wa moet stilhou sodat hy en Filippus hul pad na die water kan vind! Filippus is steeds stil. Hy beweeg saam waar die Gees reeds aan die werk is. Want hierdie man weet reeds dat hy behoort aan God. Alhoewel Filippus dalk ernstige voorbehoude gehad het om hierdie man te doop, doen hy dit – want God het die laaste sê! Die Heilige

Gees spring altyd oor die 'netjiese' grense wat ons trek.

Hoor my reg: Ek twyfel of enige iemand wat hierdie stuk lees 'n beperking plaas op die liefde van God in Jesus; dat Jesus se liefde is beperk tot die mense wat soos ons lyk en praat. En tog is/kan die manier hoe ons leef, hoe ons ons dissipelskap sigbaar maak, ons saamwees in aanbidding 'n gevaarlike prentjie skets van Jesus wat gesterf en opgestaan het net vir ons – wie ookal ons mag wees...

Hierdie verhaal is 'n aangrypend, ontwrigtend en waagmoedig. Hopelik help dit ons as kerk, as geloofsgemeenskap, om ons weg te vind binne die stilte van die storie, binne die antwoord wat dit vra, binne die prentjie van bevryding en insluiting sodat dit ons lei na die uitgestrekte waters van die doop, na God. "God, the great includer" – Will Willimon.

Die vraag is nie hoe wyd en breed God se insluiting is nie. Nee, soos hierdie verhaal dit baie duidelik maak, sal die Gees doen wat die Gees doen. Die enigste vraag wat oorbly, is of ons ook soos die Gees aan hierdie vreugdevolle werk van God deelneem of nie. "Kyk, hier is water!" Wat keer ons om saam in te duik?

VIR KLEINGROEPE

Ontmoet mekaar...

- Deel met mekaar waar jy die afgelope week bewus was van die nabyheid van die Gees van God.

Ontmoet die Here...

- Steek 'n kers aan en draai as groep saam na die teenwoordigheid van die Here. Laat een persoon 'n gebed doen.
- Lees saam Handelinge 8:26-40 (Nuwe Afr 2020 vertaling)
- "Verstaan jy wat jy lees?" Deel met mekaar 'n oomblik waar iemand jou gehelp het om 'n Skrifwaarheid se diepte te ontdek.
- Deel met mekaar 'n ervaring waar die Gees vir jou 'n nuwe verstaan gegee het van hoe God grense oorsteek? (Dalk 'n tipe wildernispad-ervaring waar jy 'n encounter/ontmoeting waar jy en iemand anders saam oorweldig is deur die insluiting en omgee van God?)
- Luister na mekaar se behoeftes vir die komende week en bid vir mekaar.